4J

# CULTURAL VALUES FOR SOUTH AFRICA

## GUIDELINES FOR A NEW CONSTITUTIONAL DISPENSATION

# CULTURAL VALUES FOR SOUTH AFRICA

(Guidelines for a new political/constitutional dispensation from Afrikaner cultural groups which are members of the Afrikaanse Nasionale Kultuurraad (ANK)).

South Africa is a country with a rich diversity of cultural groups, each with its own values and cultural goods. However, despite differences unity also exists within this diversity.

The present day dynamics and new demands issue a challenge to bring about a new dispensation in which there is:

* room for each individual and group to realize their own cultural aspirations; and

* to maintain and develop the present standard of civilisation with the accompanying values.

As point of departure culture is seen as consisting of a number of universal components. These components do not stand in isolation to each other, but form a fine woven network of values upon which the South African nation can be built.

**MEMBERS OF THE AFRIKAANSE NASIONALE KULTUURRAAD**

are inter alia:

AKPOL

ATKB

ATKV

ATKV-Dames

Dames Aktueel

FAK

FAK-Jeugkomitee

Federasie van Rapportryerskorpse

Federale Vroueraad

Jong Dames Dinamiek

Junior Rapportryerbeweging

MEI

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

SAVF

Voortrekkerbeweging

## Guidelines (values) for a constitutional dispensation

# POLITICAL/CONSTITUTIONAL

1. The basis for the future political dispensation must be a multiparty democratic dispensation with power sharing and without domination.
2. The principle of devolution of power must be incorporated in the constitution with due allowance for the interests of all groups

# LEGAL SYSTEM

1. An independent judiciary dispensing justice between citizen and State, and citizen and citizen must be fundamental and guaranteed.
2. A bill of human rights including civil responsibilities must be incorporated in the constitution and be enforcable by the courts.
3. Unimpeded and affordable access to legal process must be guaranteed.
4. Future judgements and legal enactments must build upon the foundation of traditions established in South African Law.
5. Proper security and policing by credible authorities must be guaranteed.

# SOCIAL ISSUES

1. The rights of groups with distinctive values, customs and interests formed by free association and dissociation must be acknowledged and practised at all levels of society.
2. Generally acceptable norms and standards must be maintained.
3. Acceptable minimum services such as health and welfare must be maintained and guaranteed by the State.

## RELIGION

1. The right of each individual to freely practise religion, individually or jointly with others, must be guaranteed.
2. Any future constitution and community life must be based on law and justice in accordance with the Bible and relevant Christian values proceeding therefrom.

## LANGUAGE

1. Afrikaans must remain an official language of the RSA.
2. The principle of a right to mother-tongue education on all levels must be guaranteed.

## ECONOMY

1. A market-orientated economic system based on private initiative and freehold must be developed. Nationalisation, confiscation and arbitrary expropriation with compensation are not acceptable as policy options for the redistribution of income and wealth.
2. All citizens must enjoy equal opportunities for participation in the economic system. Where deprivations exist appropriate measures must be applied and just means employed to rectify it.
3. The State's share in the economy must be reduced and market-orientated measures (and not direct interference) must be employed in the management of the economy.

## ARTS

1. The right to practise art with the highest degree of freedom must be guaranteed.
2. A sound censorship system that will make provision for the cultural diversity and age differences in South Africa, must be instituted.
3. A system according to which the State can support the arts, must exist.

## SPORT AND RECREATION

1. The constructive value of healthy sport participation must be promoted by means of a meaningful system of official support.
2. Sport must remain autonomous.
3. The principles of free association and dissociation in respect of participation in sport must be acknowledged.
4. Merit must be the only criterion in representative sport.
5. Sport must be promoted as a creator of bonds and common loyalties.

## EDUCATION

1. The aim must be to eliminate illiteracy and to raise the level of literacy of all people.
2. Equal access to basic educational opportunities must be guaranteed. A single, relevant educational system based on the highest possible standard must be available to all. Education within own cultural context must be guaranteed for those who require it.

## SCIENCE AND TECHNOLOGY

1. The role and value of science and technology in education and in all other facets of the South African society must be developed.

## ENVIRONMENTAL ISSUES

1. The conservation, appreciation, utilisation, upgrading and effective management of the environment must be developed as a high priority and promoted by legislation.

# SPORT ( REKREASIE)

1. Die konstruktiewe waarde van gesonde sportbeoefening moet deur 'n sinvolle beleid van owerheidsondersteuning bevorder word.
2. Die outonomie van sport moet geld.
3. Die beginsels van vrye assosiasie en dissosiasie ten opsigte van sportbeoefening moet erken word.
4. Meriete moet die maatstaf in verteenwoordigende sport wees.
5. Sport moet as skepper van bindinge en gemeenskaplike lojaliteite bevorder word.

# ONDERWYS

1. Die opheffing van ongeletterdheid en die verhoging van die geletterdheidspeil van alle mense moet nagestreef word.
2. Gelyke toegang tot basiese onderriggeleenthede moet gewaarborg word. 'n Enkel, relevante onderwysstelsel gebaseer op die beste moontlike standaarde moet vir almal beskikbaar wees. Onderrig binne eie kultuurverband moet vir dié wat dit verlang gewaarborg word.

# WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

1. Die rol en waarde van die wetenskap en tegnologie in die onderwys en in elke ander faset van die Suid-Afrikaanse bestel, moet uitgebou word.

# VERHOUDING TOT FISIESE OMGEWING

1. Die bewaring, waardering, benutting, opgradering en effektiewe bestuur van die omgewing moet as hoë prioriteit uitgebou en deur wetgewing bevorder word.

# Riglyne (waardes) vir 'n staatkundige bestel

## POLITIEK/STAATKUNDIG

1. 'n Veelparty demokratiese staatsbestel met magsdeling moet sonder oorheersing die basis van die toekomstige staatkundige bedeling wees.
2. Die beginsel van devolusie (afwenteling) van gesag moet in die grondwet vervat word, met inagneming van die belange van alle groepe.

## REG-/JURIDIESE STELSEL

1. 'n Onafhanklike regbank wat regspreek tussen burger en staat en burger en burger moet grondliggend wees en gewaarborg word.
2. 'n Beregbare handves van menseregte en burgerlike verantwoordelikhede moet in die grondwet vervat word.
3. Onbelemmerde en bekostigbare toegang tot regspraak moet gewaarborg word.
4. In die regspraak en wetgewing moet voortgebou word op die tradisie wat in die Suid-Afrikaanse reg gevestig is.
5. Behoorlike beveiliging en polisiëring deur geloofwaardige gesagsliggame moet voorsien word.

## SOSIAAL (SAMELEWINGSVERBAND)

1. Die regte van groeperinge met onderskeidende waardes, gebruike en belange wat deur vrye assosiasie en dissosiasie gevorm is of word, moet op alle vlakke van die samelewing erken en beoefen kan word.
2. Algemeen aanvaarbare norme en standaarde moet gehandhaaf word.
3. Die staat moet aanvaarbare minimum dienste handhaaf en waarborg bv. gesondheid en welsyn.

## GODSDIENS

1. Die reg van elke individu om individueel of gesamentlik met ander sy godsdiens vrylik te beoefen, moet gewaarborg word.

2. Enige toekomstige grondwet en die gemeenskapslewe wat tot stand gebring word, moet gebaseer word op reg en geregtigheid soos deur die Bybel vereis en die ander Christelike waardes wat daaruit voortspruit.

## TAAL

1. Afrikaans moet as 'n ampstaal van die RSA behou word.

2. Die beginsel van 'n reg op moedertaalmediumonderrig op alle vlakke moet gewaarborg word.

## EKONOMIE

1. 'n Markgedrewe ekonomiese stelsel gebaseer op private inisiatief en eiendomsreg moet uitgebou word. Nasionalisering, konfiskering en arbitrêre onteiening met vergoeding is nie aanneemlik as beleidskeuses vir 'n herverdeling van inkomste en rykdom nie.

2. Alle burgers moet gelyke geleenthede vir deelname aan die ekonomiese stelsel geniet. Waar agterstande bestaan, moet geskikte maatreëls getref en billike middele gevind word om dit reg te stel.

3. Die staat se aandeel in die ekonomie moet verminder word en daar moet van markgeoriënteerde maatreëls (en nie regstreekse inmenging nie) in die bestuur van die ekonomie gebruik gemaak word.

## KUNSTE

1. Die reg om kuns met die hoogste mate van vryheid te beoefen, moet gewaarborg word.

2. 'n Verantwoorde sensuurstelsel wat voorsiening maak vir die kultuur- en ouderdomsverskeidenheid in Suid-Afrika, moet ingestel word.

3. 'n Stelsel waarvolgens die staat die kunste en kunstenaars steun, moet bestaan.

# KULTUURWAARDES VIR SUID-AFRIKA

[4]

(Riglyne vir 'n nuwe staatkundige bestel vanuit Afrikanerkultuurgroeperinge wat lede van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad (ANK) is)

Suid-Afrika is 'n land met 'n ryke verskeidenheid kulturele groeperinge— elk met sy eie waardes en kultuurgoedere. Nieteenstaande verskille bestaan daar egter ook eenheid binne hierdie verskeidenheid.

Die huidige dinamiek en nuwe eise rig die uitdaging om 'n nuwe bestel tot stand te bring waarin daar:

* ruimte is vir elke individu en groep om sy eie kulturele aspirasies uit te leef; en

* om die huidige beskawingspeil met meegaande waardes te handhaaf en uit te bou.

Daar word uitgegaan van die standpunt dat kultuur uit 'n aantal algemeengeldende komponente bestaan. Hierdie komponente staan nie in isolasie tot mekaar nie, maar vorm 'n fyn verweefde netwerk van waardes waarop die Suid-Afrikaanse nasie gebou kan word.

**LEDE VAN DIE AFRIKAANSE NASIONALE KULTUURRAAD**

is onder andere:

AKPOL
ATKB
ATKV
ATKV-Dames
Dames Aktueel
FAK
FAK-Jeugkomitee
Federasie van Rapportryerskorpse
Federale Vroueraad
Jong Dames Dinamiek
Junior Rapportryerbeweging
MEI
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
SAVF
Voortrekkerbeweging

# KULTUURWAARDES VIR SUID-AFRIKA

RIGLYNE VIR 'N NUWE STAATKUNDIGE BESTEL